

9 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 31

Fokusgedeelte: Psalm 31:4(a)

Rots en bergvesting

Waar skuil mens as die lewe vir jou te veel word? Waar kry jy krag?

Dawid het geweet waarheen om te vlug. Hy skuil in alle lewensomstandighede by die Here.

Waarom? Aan die begin van hierdie Psalm noem hy die rede:

- Hy ken die Here as sy Rots en Bergvesting.
- Hy kan by die Here skuil.
- Die grootheid van God is vir hom 'n werklikheid.

Die Here is vir hom 'n rots. In die onsekerhede en wankelhede van die lewe is daar by die Here vastigheid en sekerheid.

U ken dit mos:

- as die lewe jou rondgooi ...
- as jy voel hoe jy ronddobber in die woeste lewenssee ...

Dan is dit slegs genade as jy 'n rots het waarop jy stewig en vas kan staan.

So 'n rots is die Here mos! Hy gee ons sekerheid en vertroue in die lewe.

Die Here is vir Dawid 'n bergvesting. By die Here is daar vir hom veiligheid. In u lewe ...

- as die aanvalle van die duiwel te veel word ...
- as dit voel of alle jou bedreig ...
- as jy sugtend alleen in die wêreld voel ...
- as jy nie meer weet waarnatoe nie ...

kan jy weet: Jy het 'n bergvesting waar jy kan skuil, veilig in al die aanslae by die Here.

Die almagtige God, jou Rots en Bergvesting, is by jou. In Jesus Christus is Hy vir jou nog baie meer: Hy is ook jou Vader, wat jou liefhet.

Skuil maar net by die grote God! Hy is vir jou 'n rots en 'n bergvesting – die enigste wat jou red en lei.

Goddank, jou hele lewe en tye is in sy hand.

Sing: *Psalm 91:1*

Ds RG Aucamp (Middelburg, Karoo)

